higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Tweede vraestel)

NKR-VLAK 3

(7601053)

12 Februarie 2025 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

004Q2S2512

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID
NKR-VLAK 3
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme en plaas alle drukstukke in jou EKSAMENVOUER.
4. Die tyd wat vir elke vraag toegeken word, is 'n riglyn om jou te help om die vraestel betyds klaar te maak.
5. Die tyd wat vir hierdie vraestel toegeken word, sluit druktyd in.
6. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk met gereeld te stoor om verlies van ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom. Geen bykomende tyd word toegelaat om verlore werk te voltooi nie.
7. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerfout, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gaan, sal addisioneel toegelaat word.
8. Die speltoetsfunksie mag gebruik word.
9. Nommer jou drukstukke volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
10. Eksamen- en sentrumnommers moet korrek op die eksamenvoorblaaie geskryf word en die sagtewareweergawe moet bo-aan die voorblad aangedui word (bv. MS Office 2007).
11. Geskrewe EKSAMENNOMMERS is nie aanvaarbaar nie.
12. Punte sal nie toegeken word vir enige drukstukke sonder 'n EKSAMENNOMMER en 'n konsekwente watermerk nie.
13. Drukstukke wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. EEN drukstuk per vraag mag ingehandig word.
14. Elke antwoord moet op 'n aparte vel papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 **TYD: 20 MINUTE**

Jy word versoek om die dokument in te tik wat gebruik moet word wanneer jy jou les oor afspraakverkragting, dwelms en alkohol aanbied.

1.1	Gebruik MS Word om die dokument in te tik soos hier onder aangedui.	(7)
1.2	Gebruik linker- en regterkantse kantruimtes van 2,54 cm/1 ".	(1)
1.3	Tik die dokument in lettertipe Century Gothic, grootte 12.	(1)
1.4	As 'n voetskrif, sleutel VRAAG 1 links belyn in en jou EKSAMENNOMMER regs belyn.	(2)
1.5	Wysig die hoofopskrif om in lettertipe Berlin Sans FB te verskyn, grootte 18 en hoofletters.	(3)
1.6	Verander die voorkoms van die woord 'projekte' na vet en golf-onderstreep (‘wave underline’).	(2)
1.7	Justeer die hele dokument.	(1)
1.8	Maak gebruik van die korrekte kas, reël- en letterspasiëring.	(2)
1.9	Stoor jou dokument as PROJEK 1 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.	
1.10	Druk die dokument op EEN portretbladsy en plaas dit in jou EKSAMENVOUER.	(1)
		[20]

Kopiereg voorbehou

Bou ekonomiese geleenthede deur gemeenskapsontwikkeling

... 'n Mededingende werk verbeter nie net lewenskwaliteit deur ekonomiese middele nie, maar bied ook volwassenes geleenthede om hul talente en vaardighede by te dra ter ondersteuning van die gemeenskap en arbeidsmag waar 'n mens woon. 'n Werk dra dus nie net by tot doelwitte van ekonomiese selfvoorsiening en onafhanklikheid nie, maar dra ook ryklik by tot 'n mens se selfbeeld, selfvertroue, sosiale verhoudings en algehele emosionele welstand.

Indiensnemingsuitkomste vir mense met gestremdhede is steeds aansienlik slegter as dié sonder gestremdhede. Regeringsgebaseerde indiensnemingsdienste en -ondersteuning staar steeds groot uitdagings in die gesig om die volle bevolking van mense met gestremdhede te bereik en die uitkomste het die afgelope dekade nie noemenswaardige positiewe veranderinge getoon nie.

Gemeenskapsontwikkeling om plaaslike werkloosheid vir alle mense, insluitend mense met gestremdhede, op te los, is nodig om ekonomiese geleenthede te verhoog en te lei tot meer volhoubare pogings om indiensnemingsuitkomste te verbeter. Kapasiteitsbou deur buurtnetwerke wat geloofsgebaseerde organisasies, voorspraakgroepe, werkklubs en ander gemeenskapsgroepe insluit, kan 'n laekoste, maar effektiewe manier wees om mense met PROJEKTE buite die tradisionele gestremdheidstelsel te verbind.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **TYD: 23 MINUTE**

2.1	Maak die dokument wat as PROJEK 1 gestoor is, oop.	
2.2	Verander VRAAG 1 na VRAAG 2 in die voetskrif.	(1)
2.3	Tik die nuut ingevoegde teks soos aangedui.	(2)
2.4	Voeg 'n bladsybreuk in soos aangedui.	(1)
2.5	Kopieer die paragraaf en plak dit waar aangedui.	(1)
2.6	Voeg twee kolomme en 'n lyn tussenin in soos aangedui.	(2)
2.7	Voeg die koeëls in soos in die eerste kolom vertoon.	(1)
2.8	Voeg in en sentreer enige relevante prentjie of knipkuns (‘clip art’) bo die twee kolomme.	(2)
2.9	Verander die grootte van die prentjie tot 3 cm hoogte en 3 cm breedte.	(1)
2.10	Skep 'n tabel met DRIE rye en TWEE kolomme soos aangedui.	(1)
2.11	Voeg nommering in soos aangedui op die tabel.	(1)
2.12	Sentreer die tabelopskrif 'GEMEENSKAPSPROJEKTE' en verander die lettertipe na Castellar, 14 pt.	(2)
2.13	Voeg die rande in soos vertoon.	(1)
2.14	Wend wit agtergrond 1, donkerder 25% skaduwee (‘shading’) op die eerste ry van die kolom toe.	(1)
2.15	Voeg bladsynommering in en belyn regs bo op elke bladsy.	(1)
2.16	Stoor die dokument as PROJEK 2 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.	
2.17	Druk die dokument op TWEE landskapbladsye en pas die tabel oor die breedte van die dokument aan.	(2)
2.18	Plaas die drukstukke in jou EKSAMENVOUER.	**[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

Bou ekonomiese geleenthede deur gemeenskapsontwikkeling

... 'n Mededingende werk verbeter nie net lewenskwaliteit deur ekonomiese middele nie, maar bied ook volwassenes geleenthede om hul talente en vaardighede by te dra ter ondersteuning van die gemeenskap en arbeidsmag waar 'n mens woon. 'n Werk dra dus nie net by tot doelwitte van ekonomiese selfvoorsiening en onafhanklikheid nie, maar dra ook ryklik by tot 'n mens se selfbeeld, selfvertroue, sosiale verhoudings en algehele emosionele welstand.

Indiensnemingsuitkomste vir mense met gestremdhede is steeds aansienlik slegter as dié sonder gestremdhede. Regeringsgebaseerde indiensnemingsdienste en -ondersteuning staar steeds groot uitdagings in die gesig om die volle bevolking van mense met gestremdhede te bereik en die uitkomste het die afgelope dekade nie noemenswaardige positiewe veranderinge getoon nie.

Gemeenskapsontwikkeling om plaaslike werkloosheid vir alle mense, insluitend mense met gestremdhede, op te los, is nodig om ekonomiese geleenthede te verhoog en te lei tot meer volhoubare pogings om indiensnemingsuitkomste te verbeter. Kapasiteitsbou deur buurtnetwerke wat geloofsgebaseerde organisasies, voorspraakgroepe, werkklubs en ander gemeenskapsgroepe insluit, kan 'n laekoste, maar effektiewe manier wees om mense met **PROJEKTE** buite die tradisionele gestremdheidstelsel te verbind.

…… Bladsybreuk.....

Kopieer en plak hier

Die voorbeelde van nasionale veldtogte is: Anti-geweld, gesondheidsorg, omgewing en Ubuntu. Ons het ook gemeenskapsprojekte wat deur 'n persoon of 'n organisasie van stapel gestuur kan word.

Voeg enige relevante prentjie in Verander die grootte na 3 cm breedte en hoogte

• Materiaal	(bv. kos, klere, boeke, koopbewyse).
• Ontwikkeling	(bv. kraanwater, elektrisiteit, behuising).
• Inligting	(bv. vergaderings, werkswinkels, toneelstukke, kursusse).
• Omgewing	(bv. rommeloptel, boomplant, kostuine).

Lettertipe Castellar grootte 14

Voeg twee kolomme met 'n lyn tussenin in

GEMEENSKAPSPROJEKTE	
a. Hele gemeenskap	a) Sit dromme op vir die versameling van afval.
b. Kinders	b) Begin 'n speelgrond.

Pas skaduwee ('shading') toe volgens instruksie 2.14

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: SIGBLAD

VRAAG 3 **TYD: 10 MINUTE**

Jy word versoek om 'n sigblad te skep om die aantal universiteitstudente wat dwelms regoor die land gebruik, aan te teken.

3.1 Gebruik MS Excel en tik die sigblad hier onder. Moenie die ry- en kolomopskrifte (rande) tik nie. Hulle is slegs ingevoeg om die korrekte sel aan te dui wat gebruik moet word. (4)

3.2 As 'n voetskrif, tik jou EKSAMENNOMMER links belyn en VRAAG 3 regs belyn in. (2)

3.3 Gebruik die lettertipe Arial, grootte 12. (2)

3.4 Pas die kolomwydte aan om by die inhoud te pas soos aangedui. (1)

3.5 Stoor die sigblad as VRAAG 3 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.6 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op een A4-portretbladsy en plaas jou drukstuk in jou EKSAMENVOUER. (1)

[10]

	A	B	C	D	E
1	GEMEENSKAPSPROJEKTE				
2					
3		PROVINSIES			
4	JAAR	Limpopo	Gauteng	Wes-Kaap	Oos-Kaap
5	2016	840	421	502	897
6	2017	601	346	200	104
7	2018	202	227	502	254
8	2019	205	196	214	421
9	2020	321	241	402	256

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy in VRAAG 3 gestoor het en maak die volgende veranderinge:

4.1 Wysig die voetskrif en verander slegs VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Voeg die nuwe kolomme en rye in soos aangedui. (2)

4.3 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na Algerian, 18 pt. (1)

4.4 Voeg die opskrif 'GEMEENSKAPSPROJEKTE' oor die sigblad en PROVINSIES oor selle B3 tot E3 saam en sentreer. (2)

4.5 Voeg 'n nuwe oop ry in soos aangedui. (1)

4.6 Sentreer en vetdruk al die kolomopskrifte. (1)

4.7 Verskaf die formules waar die letters van die alfabet verskyn om die volgende berekeninge te doen:

A TOTALE AANTAL GEMEENSKAPSPROJEKTE van LIMPOPO en WES-KAAP van 2016 tot 2020.
= 'SUM' van LIMPOPO- en WES-KAAP-gemeenskapsprojekte. (1)

B TOTALE AANTAL GAUTENG- en OOS-KAAP-gemeenskapsprojekte van 2016 tot 2020.
= 'SUM' van GAUTENG- en OOS-KAAP-gemeenskapsprojekte. (1)

C GROOTTOTAAL = 'SUM' van al die gemeenskapsprojekte. (1)

D MINIMUM = Bereken die minimum aantal gemeenskapsprojekte van LIMPOPO en WES-KAAP. (1)

E MAKSIMUM = Bereken die maksimum aantal gemeenskapsprojekte van GAUTENG en OOS-KAAP. (1)

4.8 Voeg die rande in soos aangedui. (1)

4.9 Stoor die sigblad as VRAAG 4, op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.10 Druk die sigblad SONDER ry- en kolomopskrifte op een landskapbladsy en plaas die drukstuk in jou EKSAMENVOUER. (1)

[15]

Lettertipe Algerian, grootte 18 en saamvoeg en sentreer

Sentreer en vetdruk alle kolomopskrifte

	A	B	C	D	E	F	G	H
1	GEMEENSKAPSPROJEKTE							
2								
3	JAAR	PROVINSIES				TOTAAL	TOTAAL	GROOTTOTAAL
4		Limpopo	Gauteng	Wes-Kaap	Oos-Kaap	LP en WK	GP en OK	ALLE provinsies
5	2016	840	421	502	897	**A**	**B**	**C**
6	2017	601	346	200	104			
7	2018	202	227	502	254			
8	2019	205	196	214	421			
9	2020	321	241	402	256			
10								
11	MINIMUM					**D**		
12	MAKSIMUM					**E**		
13								

Voeg oop ry in

VRAAG 5 **TYD: 5 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy as VRAAG 4 gestoor het en volg die instruksies hier onder:

5.1 Verander VRAAG 4 na VRAAG 5. (1)

5.2 Vertoon die formules. (5)

5.3 Pas die kolomwydte aan om al die formules volledig te vertoon. (1)

5.4 Stoor die sigblad as VRAAG 5 op jou skyf of volgens jou kollegeregulasies.

5.5 Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy en plaas dit in jou EKSAMENVOUER (1)
[8]

VRAAG 6 **TYD: 8 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat as VRAAG 3 gestoor is om VRAAG 6 te voltooi.

6.1 Voeg 'n lyngrafiek met merkers in om die aantal GEMEENSKAPSPROJEKTE van Limpopo en Gauteng te vergelyk. Skuif na 'n nuwe vel. (1)

6.2 Vertoon die data-etikette bo die grafiek. (1)

6.3 Vertoon die legendes onderaan die grafiek. (1)

6.4 Voeg die volgende inligting in as jou grafiektitel, vertoon bo die grafiek.

EKSAMENNOMMER en VRAAG 6
GEMEENSKAPSPROJEKTE (3)

6.5 Stoor die sigblad VRAAG 6 op jou skyf of volgens jou kollegeregulasies.

6.6 Druk die grafiek as 'n nuwe vel en plaas jou drukstuk in die EKSAMENVOUER. (1)
[7]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: AANBIEDING (POWERPOINT)

VRAAG 7 **TYD: 24 MINUTE**

Daar word van jou verwag om 'n skyfievertoning van VIER skyfies te skep met behulp van MS PowerPoint.

7.1 Sleutel die teks vir die 4 skyfies in volgens die instruksies hier onder: (4)

7.2 SKYFIE 1: 'TITLE ONLY'

Tik die hoofopskrif in lettertipe IMPRINT MT SHADOW, grootte 48. (2)

7.3 SKYFIE 2: 'TITLE AND TWO CONTENT'

7.3.1 Vertoon die hoofopskrif in font RAVIE grootte 36. (1)

7.3.2 Voeg koeëls in soos vertoon. (1)

7.3.3 Voeg enige relevante prentjie in die regterkolom in. (2)

7.3.4 Verander die grootte van die hoogte en breedte van die prentjie na 5 cm. (1)

7.4 SKYFIE 3: 'TITLE AND TWO CONTENT'

7.4.1 Verander die voorkoms van die opskrif na lettertipe Snap ITC, grootte 44. (1)

7.4.2 Vertoon die kolomopskrifte in vetdruk en onderstreep. (1)

7.4.3 Nommer die kolomme soos aangedui. (1)

7.5 SKYFIE 4: 'COMPARISON'

7.5.1 Verander die voorkoms van die hoofopskrif na lettertipe Gigi, grootte 60. (1)

7.5.2 Vertoon die voorkoms van kolomopskrifte in lettertipe ARIAL ROUNDED MT BOLD, grootte 24 (1)

7.5.3 Plaas die koeëls in en rig die kolomme in soos aangedui. (1)

7.6 Voeg kopskrif met 'HELP DIE GEMEENSKAP' op elke bladsy in. (1)

7.7 Voeg voetskrif met EKSAMENNOMMER en VRAAG 7 in. (1)

7.8 Stoor die aanbieding as VRAAG 7 volgens jou kollegeregulasies.

7.9 Druk TWEE uitdeelbladsye met TWEE skyfies op EEN portretbladsy. (1)

[20]

SKYFIE 1: 'TITLE ONLY'



SKYFIE 2: 'TITLE AND TWO CONTENT'



SKYFIE 3: 'TITLE AND TWO CONTENT'



SKYFIE 4: 'COMPARISON'



TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou